

SILBERSTEINS SAL GOED IN ITALIAANS OORSIT

RADIOLUISTERAARS sal bly wees om te vernem dat daar so pas van Van Wyk Louw drie verdere radiohoorspele gepubliseer is.

Jare gelede, in 1938, het hy in hierdie rigting aangevoer met Die Dieper Reg. Dit was egter 'n koorspel — 'n kyk- en hoorspel tegelyk. Dis eers in 1952 dat, in opdrag van die SAUK, sy eerste werklike hoorspel gepubliseer sou word. Amper tien jaar later verskyn sy volgende hoorspel, Dagboek van 'n soldaat (1961), en dan volg in 1962 Die held, en Lewenslyn.

Die huidige publikasie is 'n versameling van drie radiohoorspele in een band, onder die titel Kruger Breek Die Pad Oop En Ander Hoorspele. Dis uitgegee deur Human & Rousseau en kos R1-35. Die drie stukke is Die vonnis, Die eerste Voortrek, en Kruger breek die pad oop.

Wordingsjare

Al drie speel hulle hierdie slag teen Suid-Afrikaanse agtergrond af en sit aldus die vaderlandse motief wat met Dias ingelui is, voort. Ons kan, met Dias as uitgangspunt, selfs 'n vaste chronologiese lyn trek: Dias (1487 en daarna), Jan van Riebeeck (1665 met terugflitse), die lotgevalle van 'n pioniersgesin ten tye van Simon van der Stel (1691), en laastens Paul Kruger se rol in twee van die wordings- en struwelingsjare van die Suid-Afrikaanse Republiek (1863, 1864).

Historiese materiaal dus, waar Van Wyk Louw hom tans ten doel stel om minder bekende feite en fasette deurgaans minder „problematisies“ (vergelyk vroeëre hoorspeelfigure soos De Torres en Girod) vir 'n luisteraarpubliek te verdramatiseer. Tog kom elkeen van die hoofspelers in hierdie nuwe hoorspele voor 'n situasie te staan waar 'n beslissing, eenkant toe of anderkant toe, gevel móet word. Dis 'n probleem, 'n beslissende keuse waarteenoor ook ander figure „dramaties“ te staan gekom het: Koki byvoorbeeld, of, binne kontroleerbare geskiedkundige verband, Germanicus of die Inkwisiteur. Maar steeds bly die kontrolepunte, die historiese omramming, van minder belang as die spanninge en konflikte wat die „geworpen sein“ méns moet ondergaan.

Voldoening

Die keuse wat kommandeur Van Riebeeck (in Die vonnis) moet doen, is of 'n strawwe vonnis van die Raad bekragtig, of dit wysig of verwerp. Van Riebeeck besluit op laasgenoemde, waardeur veral sy mens-wees (vergelyk sy uitgelatenheid toe hy, nog in die Kaap, gaan piekniek hou het teenoor sy meerstagtigheid enkele jare

later in Batavia) in teenstelling met die amptenaarsbeeld wat ons van hom besit, beklemtoon word. Tot die voldoening van luisteraars, meen ek, vir wie die wisselende stemminge en tonele, die kundig aangewende byklanke en die redelik volop musiek (soms wanklankig!) asook die sang bepaald ook aangenaam sal aandoen.

Dis verder vanweë die effektiwiteit terugflitse (wat soms in 'n taamlik benale tegniek kan ontaard — hier nie — en wat ek liewers wil aandui as „raamvertellings“ van Van Riebeeck self), én die merendeels ligte, speelse toon, soos byvoorbeeld in Uys Krige se Die arrestasie, dat Die vonnis as die geslaagste van die drie beskou moet word as luistergenot die maatstaf is.

Swaarwigtiger

Daarteenoor is die tweede hoorspel, Die eerste Voortrek, heelwat swaarwigtiger, hoewel dit vanweë die klankeffekte telkens „pastorale“ herinnerings by ouer luisteraars sal wek. Die keuse waarin sowel Abel as sy vader betrek word, naamlik onderwerping aan owerheidsbesag al dan nie, gaan hier egter met te min innerlike tweestryd, sonder noemenswaardige „worsteling“ gepaard. Daar is 'n bedagtheid in die opset wat afbreuk doen aan daardie eenheid in veelheid wat juis 'n kenmerk van Die vonnis was. Want die los taferel stuur dáárop af dat Abel oplaas tog wegbreek om „die eerste voortrek“ te begin, dit te regverdig, maar darem nie sonder die jong Maria nie, anders sal die toekomsbelofte wat elke trek behoort in te hou, nie volledig in vervulling kan gaan nie.

Kruger breek die pad oop weer-spieël weer, soos dikwels vantevore, Van Wyk Louw se belangstelling in heldefigure en die wese van die heldedom. Die tydsgewrig waarin Kruger vasgevang is, word tydstragiek, en in hierdie hoorspel word veral, amper in oormaat, klem gelê op dié elenskaappe van Paul Kruger soos W. E. G. Louw dit toevallig in sy Onvoltooid Kalender saamvat: „Koppigheid, eiesinnigheid en selfs despotisme? Ja, dit het almal ervaar wat hom teengegaan het“ (bl. 94).

Die gevolg is 'n reeks (hoorbare) uitbeeldings van Kruger se doelgerigte onversellikheid, te midde van dwarstrekke en staatkundige chaos. Gedurig moet hy hom staal om nie, in sy geroepenheid, voor die aan-

drang van andere te swig nie. Hy word selfs die instrument van broedermoord (die geveg teen Vhjoen se mense). En so, dikwels dramatiese en fel, kom die luisteraar onder die indruk van daardie karaktertrekke van Kruger (en wat 'n innerlike stryd dit hom gekos het) wat hom in staat gestel het om teen Meimaand 1864 orde en wetsgehoorsaamheid te herstel.

Kruger breek die pad oop sal ook menige luisteraar tot besinning noop: tydige besinning — waar faksievorming ouder gewoonte weer eens die kop wil uitsteek — op die noodsaak van volkseenheid en eerbiediging van die wetlike gesag.

Die welslae van hierdie hoorspele sal in hoë mate afhang van die regie. In 'n koue druk imponeer hulle minder as wanneer hulle deur die warm, gelade woord — al „transmissie-medium“ — en tesame met die ander tegniese hulpmiddels hulle volle trefkrag bereik. Die huidige drietal is 'n welkome toevoeging tot die bestaandes. Maar die peil van Die held, of van 'n Dias, bereik hulle nie.

Vertalings

VERLEDE Woensdag het die Sentrale Nuusagentskap sy eerste twee Engelse vertalings van moderne Afrikaanse romans van stapel laat loop, met die verklaarde oogmerk om die proses jaarliks te herhaal en sodoende 'n reeks op te bou bekend as Centaur Books.

Die romans is *Seven days at the Silbersteins*, vertaal deur Charles Eglinton, en *The Ambassador*, deur André Brink self vertaal.

Dis te vroeg om oor die vertalings as sodanig te oordeel of oor hoe hulle die aansien van die Afrikaanse letterkunde plaaslik en oorsee gaan verhoog. Die geskiktheid van Afrikaans teenoor Engels as epiese medium kan nou altans, vanuit die ander rigting, opnuut bespiegel en beredeneer word.

Meldenswaardig is egter dat mnr. Eglinton — 'n kenner van die Afrikaanse letterkunde — meen dat die Afrikaanse historiese presens, wat volgens sommige 'n kompensasie is vir die verlies van verledetydsvorme, vir hom as vertaler geen tekortkoming of struikelblok blyk te wees nie. Verder dat, na sy mening, die ideale medium vir Etienne Leroux se *Sewe dae* by die Silbersteins, Italiaans (!) sou wees, mits nie hervertaal uit Engels nie maar regstreeks oorgesit uit Afrikaans.

Jan Kromhout

Oor Skrywers en Boeke

Die Transvaler, 2 Nov.

Die skrywers André P. Brink, N. P. van Wyk Louw en Etienne Leroux afgeneem by die geleentheid waar Leroux se Sewe Dae By Die Silbersteins en Brink se Die Ambassadeur in hul Engelse vertalings bekend gestel is.

